

Die profete en hul pleidooie



Sabbatmiddag

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

1 Samuel 8:10-18, Amos 5:10-15, Miga 6:8, Genesis 19:1-13, Esegïel 16:49, Jesaja 1:15-23.

Geheeteks:

“Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is: Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God” (Miga 6:8, NAB).

Die Ou-Testamentiese profete is seker van die interessantste figure in die Bybel. Hul skerp tonge en onverskrokkenheid; die smart, woede en verontwaardiging waaraan hulle afwisselend uiting gegee het; en die sporadiese optredes om hul boodskappe mee oor te dra – al hierdie dinge het gemaak dat mense hulle beslis nie kon ignoreer nie, selfs al het hul teenwoordigheid groot ongemak gebring. Die stuur van profete aan Israel en Juda was ’n oproep van die Here: keer terug na jul Godgegewe roeping, my uitverkore volk! Die mense en hul leiers het tog so gou in die afgodediens en lewenstyle van die omliggende nasies verval. Dan was dit die profete van ouds se onaangename taak om by hulle aan te dring om tot inkeer en bekering te kom – deur hulle óf op God se liefde vir sy volk en sy vorige weldade te wys, óf deur hulle teen die gevolge van hul volgehoue ontrou te waarsku.

Soos ons aanstons sal sien, was een van die sondes en euwels waarteen hulle die leiers en die mense pertinent gewaarsku het – en boonop een van die ergstes – die verdrukking van die armlastige, die behoeftige en die hulpelose in hul midde. Die afgodery was beslis verkeerd, net so die aanhang van dwaalleer. Tog was en is die uitbuiting van die armlastige en die swakke ewe verfoeilik.

*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 3 Augustus.

Die herhalende oproep tot geregtigheid

Ten spyte van God se netjies uiteengesette plan vir sy volk het die Israeliete kwalik hul roeping gestand gedoen. Enkele geslagte na hul vestiging in die beloofde land pleit hulle by die profeet en rigter, Samuel: “Stel nou liever ’n koning oor ons aan om oor ons te regeer, soos dit by al die nasies is” (1 Sam. 8:5; NAB, *klem verskaf*).

Lees 1 Samuel 8:10-18. Wat was Samuel se waarskuwing in antwoord op hul begeerte na ’n koning?

Samuel sien hierdie versoek as die begin van die volk se verval, wat op die ou einde ook, in ander opsigte, soos die ander nasies sal wil wees. Hoewel Samuel probeer het om die eerste koning, Saul, op die reguit paadjie te hou, is sy voorspelling oor die tragiese gevolge sommer gou bewaarheid. Selfs toe Israel sy hoogtepunt as ’n koninkryk bereik het, het Dawid en Salomo voor die mag van hul amp – voor die versoekings, korrupsie en uitspattighede wat dit bring – geswig. Regdeur die koninklike tydperk in die geskiedenis van Israel en Juda het God onder meer die volk via profete aangespreek. Hierdie boodskappers moes Sy wil bekendmaak, en ook die leiers en mense van Israel aan hul Godgegewe verantwoordelikhede teenoor die geringstes in hul midde herinner. In die geskrifte van die Hebreuse profete is daar ’n volgehoue oproep – dit is telkens dieselfde pleidooi – om reg voor God te lewe, en om reg en geregtigheid in die samelewing te laat geskied. As mense wat die ontrouheid van die volk en sy leiers uitgewys het, was die profete die gereelde, volgehoue en dringende roepstem vir dié wat nie ’n stem in die samelewing gehad het nie, veral vir diegene wat moes deurloop omdat Israel versuim het om God se voorskrifte te volg. Die skrywer Abraham Joshua Heschel bepeins dié passie wat die Ou-Testamentiese profete gehad het, en kontrasteer hul dringende oproepe vir reg en geregtigheid met ons selfgenoegsaamheid: “Die dinge waaroor die profete van ouds die stuipe wou kry, is nou ’n alledaagse verskynsel... Hul allemintige ophef oor ongeregtigheid sal seker deesdae as histerie bestempel word. Tog het ons al hierdie onreg met ons eie oë gesien – die skynheiligheid, die valsheid, die verontwaardiging en die ellende waarmee dit altyd gepaardgaan. Tog ontlok dit selde enige verantwoordiging of ontsteltenis by ons. Vir die profete van ouds sou selfs die kleinste bietjie onreg ’n kosmiese krisis gewees het” (*The Prophets* [New York: Jewish Publication Society of America, 1962], bl. 3, 4). Wat hierdie profete ons bied, is insig – insig in die aard en wese van God. As boodskappers wat namens Hom praat, kan hulle die gelowige help om die onreg en lyding van ons wêreld deur God se betraande oë te sien. Tog is die profete se groot passie ook ’n wekroep, om ’n slag in te gryp: ons moet saam met God werk ten einde die onderdrukking en smart om ons heen te verlig en selfs tot ’n einde te bring.

Ons probeer soms op afbrekende maniere – op maniere wat vir ons en ander skadelik is – “soos die ander nasies” optree. In watter opsigte doen ons dit?

Amos

“Ek is nie so ’n profeet nie en ek behoort nie tot die profetekring nie, ek boer met vee en kweek wildevye. Maar die Here het my agter die kleinvee weggevat en Hy het vir my gesê: Gaan tree as profeet op teen my volk Israel” (*Amos 7:14, 15, NAB*). Amos speel hier oop kaarte. Hy erken dat hy nie oor die tipiese vaardighede beskik om ’n profeet te wees nie. Tog blyk dit uit die oordra van sy boodskap aan die Israëliete dat hy duidelik die vermoë het om sy gehoor se aandag te trek en te behou. Hy begin op ’n bekende en gewilde noot, deur ’n rits name op te noem – dié van die omliggende nasies: Sirië, Filistea, Fenisië, Edom, Amon en Moab – en ook die misdade, vergrype en gruwels waarvoor God hulle wil straf (*lees Amos 1:3-2:3*). ’n Mens kan jou indink dat hierdie aanklagte teen heidense nasies groot byval by Israel gevind het, veral aangesien hulle dikwels die teiken van baie van daardie misdrywe was.

Maar dan kom die fokusverskuiwing, so te sê na hul agterstoep. Amos wys op God se oordele teen Juda, die naburige koninkryk in die suide, in die jare nadat Juda en Israel twee aparte koninkryke geword het. Amos praat namens die Here en wys op die volk se verwerping van God, die feit dat hulle nie by sy voorskrifte gehou het nie, en die straf wat hulle te beurt sou val (*lees Amos 2:4, 5*). By die aanhoor van dié oordele oor hul bure in die suide was die noorderlinge seker weer behoorlik in hul noppies: God wys ons bure op hul foute, maar by ons is alles reg! Skielik verskuif die kollig na Israel, en bly daar tot aan die einde van dié bybelboek. Amos fokus op Israëliete se ewels, afgodery, ongeregtighede en hul herhaaldelike versuim om volgens die wil van God te leef.

Lees Amos 3:9-11, hfst. 4:1-2, hfst. 5:10-15 en hfst. 8:4-6. Teen watter sonde waarsku hy die volk hier?

Amos is natuurlik ’n doemprofeet in die volle sin van die woord en is geensins diplomaties nie. Tog rig hy plek-plek oproepe aan die volk, om terug te keer na God. Hierdie oproepe tot oorgawe behels ’n hernieude geregtighedsin, en sluit ook die aktiewe versorging van die armes in hul midde in: “Laat die reg en die geregtigheid te voorskyn kom, laat dit aanrol soos watergolwe, soos ’n standhoudende stroom” (*Amos 5:24, NAB*). Die slotverse in Amos se profesie dui ook op ’n toekomstige herstel van God se volk (*lees hfst. 9:11-15*): “Toe hulle afvalligheid ’n absolute laagtepunt bereik het, spreek die Here woorde van vergifnis en hoop tot sy volk” (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 283).

Is daar tye wat ons as gelowiges onomwonde en reguit moet praat, ten einde dinge reg te stel? Hoe weet ’n mens wanneer dit gepas is om so te praat?

Miga

“Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is: Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God” (Miga 6:8, NAB). Op watter maniere kan jy vandag reeds hierdie woorde uitleef?

Miga 6:8 is seker een van die bekendste teksverse in die Bybel. Tog is ons geneig om dit – soos vele ander teksverse – tot ’n gewilde sê-ding of ’n oulike slagspreuk te reduceer. Kom, laat ons nou eerlik met mekaar wees: hoeveel gelowiges weet binne watter konteks Miga 6:8 gegee is?

Lees Miga 2:8-11 en 3:8-12. Hoekom het Miga die volk so skerp veroordeel? Met watter verkeerde dinge was hulle besig?

Toe Agas die troon in Juda bestyg het, het God se volk ’n nuwe laagtepunt bereik – beide in ’n staatkundige en geestelike sin. Afgodery en al die euwels wat daarmee gepaardgegaan het, was aan die toeneem. Terselfdertyd blyk dit – net soos by die ander profete van daardie tydvak – dat die uitbuiting van, en toring op, die armes voortgeduur het. Soos die ampenote van sy tyd was Miga ook ’n doempfeet. Met die eerste drie hoofstukke van sy boek gee hy grotendeels God se woede en hartseer oor sy volk se gruwels te kenne. Hul komende vernietiging vorm ook deel van sy profesie.

Nietemin het die Here nie opgegee met sy kinders nie. Die krasse uitdrukkings en snydende boodskappe van die profetiese woord is immers ’n aanduiding dat God beslis nie belangstelling in sy volk verloor het nie. Hierdie waarskuwings is juis ’n teken dat Hy hulle liefhet en vir hulle omgee. Graag wou Hy die volk vergewe en dinge regmaak. Sy woede het wel ’n afsnypunt gehad (*lees Miga 7:18-20*). Dit is dan die konteks van Miga 6:8 se drieledige oproep om reg te laat geskied, genade te betoon, en met jou voete plat op die aarde te leef. Dalk klink dit vir jou ’n bietjies te maklik. Neem in ag dat die praktiese uitleef van dié soort geloof ’n groter uitdaging is as wat baie meen, veral wanneer dit blyk hoe geweldig uit pas met die samelewing ons dan lyk. Om reg te laat geskied, om medelye vir ander te hê en om nederig wees – al hierdie dinge verg dapperheid en deursettingsvermoë, veral wanneer talle in die samelewing uit ongeregtheid munt slaan, op medelye as iets outyds neersien, en vreeslik selfvoldaan deur die lewe gaan. Tog word ons nie aan ons eie oorgelaat in ons pogings om reg te doen en te leef nie. Wanneer ons reg laat geskied, medelye vir ander het, en nederig is, wandel ons saam met die Here.

Om reg te laat geskied, om medelye vir jou medemens te hê, en om nederig voor die Here te leef – wat is die verband tussen dié drie?

Esegiël

Vra 'n groepie gelowiges om die sondes van Sodom op te noem, en jy kry tien teen een 'n string sondes wat met seks en sedeloosheid te make het. Genesis 19:1-13 beeld per slot van rekening 'n ontarde en verdraaide samelewing uit, een wie se vernietiging onafwendbaar was. Interessant genoeg behels die destydse sondes van Sodom meer as net losbandigheid. Let op Esegiël se beskrywing: “Jou suster Sodom se sonde was dat sy en haar dogters selftevrede en rustig in hoogmoed en oorvloed geleef het en vir die mens in nood en die arme niks oorgehad het nie” (*Eseg. 16:49, NAB*). Hoewel die Here duidelik nie Sodom se ander vorms van verdorwenheid verskoon het nie, fokus Esegiël hier op sosio-ekonomiese ongeregtheid en 'n traak-my-nie-agtigheid teenoor die armes.

Dalk is sosio-ekonomiese sonde net so erg vir die Here as die seksuele soort... Esegiël se eerste profesieë het dieselfde strekking as dié van Amos, Miga en Jesaja – dit rig 'n waarskuwing aan die ontvangers oor hul komende val. Esegiël se profesieë ondergaan egter 'n klemverskuiwing na die beleëring van Jerusalem en die wegvoer van sy inwoners in ballingskap, en fokus meer direk op God se beloftes oor die herstel van Jerusalem.

Lees Esegiël 34:2-4 en verse 7-16 (NAB). In verse 2-4 en 7-10 beskryf die Here die soort euwels waarby Israel se korrupte leierskap betrokke was. Vergelyk dit nou met die wyse waarop God na sy kudde omsien (in verse 11-16). Hoe verskil hul behandeling van die weerlose “kleinvee” met sy benadering tot die kudde?

Ten spyte van hoe sleg hulle was – soveel so dat hulle met Sodom vergelyk word – het die Here steeds na hulle uitgereik met die hoop dat hulle van hul verkeerde weë sou afsien. Volgens God se herlewingsplan vir Israel sou hulle weer in die beloofde land hervestig word, weer Jerusalem opbou, en 'n nuwe tempel bou. Die feesdae wat deur God ingestel is, sou weer gevier word en die grond sou weer gelykop verdeel word sodat elke gesinsgroep 'n erfposie kon hê (*lees Eseg. 47:13 tot 48:29*). Hieruit blyk dit duidelik dat God sy oorspronklike plan vir die volk – die een wat Hy vir Moses en Israel na hul redding uit Egipte gegee het – met die terugkeer van sy kinders uit Babilon weer bekend wou stel. Dit sluit die versorging van die weerlose lede van die samelewing, asook diegene wat as buitestaanders gesien is, in.

Hoe belangrik is dit vir jou dat die Here 'n God van tweede kans is – wat meer is – dat Hy daardie tweede kans selfs aan sy fouterende kinders skenk, en dit nadat hulle (en ook ons) van beter geweet het?

Jesaja

Lees Jesaja 1:15-23, hfst. 3:13-15, asook 5:7, 8. Die profeet bespeur 'n aantal ewels in die samelewing waarin hy hom bevind. Hoe sal jy sy respons beskryf?

Jesaja se openingspreek – d.w.s. die eerste vyf hoofstukke – is 'n mengsel van drie dinge: snydende kritiek oor die soort samelewing waarin die volk ontaard het, waarskuwings oor die naderende oordele omdat hulle God verwerp en aangehou het om verkeerd te doen, asook die belofte van hoop indien die mense sou terugkeer na God en hul private lewens en die samelewing as 'n geheel sou hervorm. Die gevoel wat die sterkste deurskemer, is natuurlik verdriet. Vanweë Jesaja se sienings oor die aard en wese van God, en die drome wat Hy vir sy volk gehad het, treur die profeet oor alles en almal wat hulle kwyt is – die magdom weerloses wat besig is om onder die volk se uitbuiting te ly, asook God se dreigende oordele. Hierdie drieledigheid vorm 'n patroon in Jesaja se profetiese sending. Hy doen 'n ernstige beroep op die volk om nie van God se eertydse hulp te vergeet nie. Tog skenk hy hulle hoop – hy noem al die groot toekomsplanne wat God vir hulle het. Derhalwe moet hulle die wil en weë van die Here soek. Die herstel van die bande tussen God en sy volk behels immers dat hulle onder meer hul sonde moet bely; en van die mishandeling en verwaarlosing van hul medemens, waaraan hulle hulle tot dusver skuldig maak, moet afsien.

In hoofstukke 58 en 59 keer Jesaja pertinent terug na die kwessie oor geregtigheid. Weer het ons die beskrywing van 'n samelewing waarin onreg koning kraai: “Die reg het van die toneel verdwyn, die geregtigheid is vêr van ons af, want die waarheid struikel waar daar reg gespreek word, eerlikheid kan nie daar inkom nie” (*hfst. 59:14, NAB*). Tog noem Jesaja dat God van hierdie dinge bewus is en dat Hy sy kinders sal red – “Vir Sion kom Hy as Verlosser” (*vers 20, NAB*). Regdeur die boek Jesaja skenk die profeet heelwat aandag aan die verkondiging van die goeie tyding dat die Messias se koms op hande is – Hy wat uiteindelik God se heerskappy op aarde sal hervestig – die Een wat reg en geregtigheid, en wat genade, heling en herstel saam met Hom gaan bring.

Lees Jesaja 9:6, 7; hfst. 11:1-5 en 42:1-7; asook hfst. 53:4-6. Hoe skakel hierdie profesieë in by die lewe, bediening en dood van Jesus soos jy dit verstaan? Wat sê dit vir ons oor die rede vir sy eerste koms?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White – “The Assyrian Captivity” op bl. 279-292 en “The Call of Isaiah” op bl. 303-310, beide in die boek *Prophets and Kings*. “Teen die opmerklike onderdrukking, die blatante onreg, die nuutste luukshede en uitspattighede, die skaamtelose makietie en fuïwery, die gruwelike losbandigheid en brassery – teen [die ewels] van hul tydvak – het die profete hul stemme verhef. Vergeefs was al hul protes en veroordeling van sonde” (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 282). “Die maatskaplike verknorsing waarin die mense verkeer het, het Jesaja veral vreeslik mismoedig gestem. In ’n poging om munt uit alles te slaan, het individue huise en landerye ingepalm... Onreg het koning gekraai en die armlastige is geen genade betoon nie... Selfs die regters, wat veronderstel was om hulle vir die hulpelose te beywer, het die noodkreet van die armlastige en die behoeftige, die wees en die weduwee, geïgnoreer... “Jesaja is in die laaste regeringsjaar van koning Ussia as profeet oor Juda geroep, om die volk te waarsku en tereg te wys. Tog is dit met die vermelde toedrag van sake geensins verassend dat Jesaja aanvanklik teruggedeins het nie. Hy het sommer geweet dat sy pogings groot hardkoppigheid en felle teenkanting by die mense sou ontlok” (*ibid*, bl. 306, 307). “Die profete het reguit gepraat... Dit is in werklikheid God wat direk met die gelowige praat. Dit is hoe ons dit behoort te sien. Elke geleentheid om weldade te doen, om met die grootste tederheid ander eerste te stel en Christelike bedagsaamheid aan die dag te lê, om dié wat swaarkry en die onderdrukte reg te behandel – behoort benut te word” (*ibid*, bl. 327).

Vrae vir bespreking:

- 1. Ons meen dikwels dat profesie hoofsaaklik die toekoms voorspel. Dan besef ’n mens dat die Ou-Testamentiese profete dikwels die soeklig op hul tydvak en sy probleme laat val het. Hoe verander dit die wyse waarop ons die profetiese sending verstaan?**
- 2. Die profete se lewensverhale en die boodskappe wat hulle gebring het, toon hoe moeilik en gevaarlik dit soms is om ’n kampvegter vir die waarheid te wees. Hoekom dink jy het hulle op die opgetekende wyse opgetree en gepraat?**
- 3. In die geskrifte van die bybelprofete word God op een van twee maniere uitgebeeld – Hy is óf woedend óf besorg oor sy kinders. Hoe versoen ’n mens hierdie twee uiteenlopende aspekte van God se karakter?**

Opsomming:

Die Ou-Testamentiese profete was passievol, en dikwels kwaai en ontstoke kampvegters vir die wil en weë van die Here onder hul volksgenote. As boodskapper wat God se besorgdheid oor sy volk openbaar gemaak het, behels die profetiese passie ’n duidelike fokus op reg en geregtigheid vir die arme en onderdrukte. Die profete doen ’n oproep tot die mense om terug te keer na God – ’n terugkeer wat onder meer die beëindiging van onreg bepleit, iets wat die Here ook vir die ganse mensdom in die vooruitsig stel.